



# Afrikaanse oudio beskikbaar op plaaslike tegnologieplatform

*BiB is die eerste oudioteek eksklusief vir Afrika-inhoud*

[BiB](#) is 'n opwindende nuwe media platform wat plaaslike oudio verhale toeganklik maak via die toepassing wat beskikbaar is in beide die [App stoor](#) en [Google Play](#) stoor.

Boeke, oudio reekse en teaterstukke word saamgevat in die kuberruim, vertolk deur befaamde stemkunstenaars. Só word die publiek se aanvraag en behoefte aan inheemse inhoud deur middel van oudio gedien, en Afrika se akteurs, skrywers en storievertellers bemagtig, bereikbaar en beskikbaar gestel - wêreldwyd.

Afrika se ryk mondelinge tradisie en kontinentale skatkis van oorspronklike stories word gevier, gevestig en bewaar op dié byderwetse platform. BiB is verteenwoordigend van veelsydige en multi-kulturele inhoud wat geskep word deur noukeurige kuratorskap.

Die stigters van BiB is twee dinamiese vroue uit onderskeidelike agtergronde in tegnologie en bankwese asook die uitvoerende kunste. Arlene Mulder is 'n digitale entrepreneur, wenner van 2019 se *Forbes Woman Africa Technology and Innovation* toekenning, met sewe jaar by beleggingsbank RMB op haar kapstok. Juanita Kotzé ([The Rare Librarian](#)) is 'n kreatiewe en uitvoerende regisseur wat reeds 30 jaar in die mode- en vermaaklikheidswêreld produksies verwesenlik. Hulle visie is om literêre skatte met nuwe tegnologie te vereenselwig om die waarde van taal en verhaal te bewaar.

Hoewel die meeste inhoud tans in Afrikaans vrygestel is, is daar 'n imposante lys van opkomende werke in verskeidenheid Volks-tale in die pyplyn.

## **Inhoud reeds beskikbaar op BiB:**

Boeke:

*Asem*, Jan Vermeulen (Stem: Armand Aucamp)

*Bloedlelie*, Jeanette Ferreira (Stem: Veronica Geldenhuys)

*Blou sjokolade*, Christien Nesor (Stem: Carla Smith)

*Coral*, Chanette Paul (Stem: Roeline Daneel)

*Dieretuin*, Francois Bloemhof (Stem: Wynand Kotzé)

*Kanaän*, Sophia Kapp (Stem: Ira Blanckenberg)

*Koshuiskoffie*, Christien Nesor (Stem: Carla Smith)

*In Math We Trust*, Simon Dingle (Stem: Simon Dingle)

*The Rain Runner*, Carl Richardson (Stem: Malcolm Gooding)

*Tolbos*, Irma Joubert (Stem: Carla Smith)

*Oorlewingsgids vir 'n bedonnerde diva*, Sophia Kapp (Stem: Nicole Holm)

*Ver wink die suiderkruis*, Irma Joubert (Stem: Andrea Winckler)

#### Teaterstukke:

*Dis koue kos, skat*, Marita van den Vyver, verhoogverwerking deur Alexa Strachan (Stem: Elzabé Zietsman)

*Psalter*, Wessel Pretorius (Vertolking: Len-Barry Simons, musiek regie deur Emma van Heyn)

*Seisoenaal*, Mienke Ehlers (Vertolking: Mienke Ehlers)

*Sê my naam soos 'n Starbucks knaap*, Wessel Pretorius (Vertolking: Llandi Beeslaar)

#### Reekse:

*Liefde, Valiant*, Valiant Swart (Vertolking: Valiant Swart)

#### **Kontak Besonderhede:**

Stuur enige navrae na: [page@mybib.africa](mailto:page@mybib.africa)

Toepassing: App Stoor: [here](#) // Google Play Stoor: [here](#)

Webwerf: <https://www.mybib.africa/>

Instagram: [@bib.africa](#) // Facebook: [BiB.africa](#) // Twitter: [@bib\\_africa](#)

